Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 6 – 21 Februarie 2025

## SUBSIDIE VORMS

Subsidie vorms kan afgehaal word by Thamson (by die hoofhek) of Me. Wagener in die kantoor. Voltooi asseblief die vorm deeglik***, betyds*** en verskaf al die nodige dokumentasie soos versoek word.
Die vrystellings formule word bereken volgens voorskrifte van die Departement van Onderwys.
Baie belangrik, die aansoek vorm moet beëdig word, waar u verklaar dat al die inligting korrek is.

## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens menere Marco en Dirk geluk met hul verjaarsdag.





## VALENTYNSDAG BY DIE NASKOOL

Die graad 1- en 2 Naskoolmaats het die ware gees van liefde en omgee op Valentynsdag uitgeleef. Ons algemene assistente wat ons Naskooletes voorberei, klasse en badkamers skoonmaak en Mimosa speelterrein versorg is bederf met pakkies vol lekkernye en baie liefde.

## DIENSRAAD












# Damesoggend Tieklysie:

☐ ***Kaartjie gekoop***

Besoek **www.seatme.co.za** indien jy nog nie 'n kaartjie vir HOOP BRING VREUGDE Damesoggend gekoop het nie of volg die skakel: https://www.seatme.co.za

☐ ***Ete bespreek op e-vorm***

Onthou om jou ete te bespreek vir jou R100 eetbewys van Lucky Bread Co.
Bestel hier: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfBaZOs3oWPHdf9yxUJJ3OmKa2lOhg-awvK3y_rWEP9NK4eug/viewform?usp=header

☐ ***Lootjies gekoop***

Indien jy nog nie jou lootjies vir die fantastiese pryse gekoop het nie, is daar geleentheid op Maandag, 24 Februarie vanaf 07:30 - 14:00 in die finansiële kantoor.

☐ ***Aangesluit by WhatsApp-groep***

Volg hierdie skakel om deel te word van die Damesoggend WhatsApp-groep:

https://chat.whatsapp.com/EZQdfE7e992BckaTfahkDE

☐ ***Damesoggend Brosjure***

Hou hierdie skakel dop vir die nuutste weergawe:

https://drive.google.com/file/d/1jxf5aZez6aZcjrLa6qOC14Da31fFHVZp/view?usp=sharing



## O U E R L E I D I N G

### Uit die HART van die huis




Die afgelope week het ons harte behoorlik tjoklits geklop en ons skool is met rooi harte getooi om die **liefde en omgee** vir mekaar te vier.

Ons huise is egter waar ons werklik geleer word van liefde en omgee.
Leer ons egter ons kinders wat liefde werklik is?
Leer ons, ons kinders dat liefde nie in duur geskenke en "te kry wat hulle wil hê" opgesluit is nie? Leer ons werklik ons kinders dat liefde gepaard gaan met respek en verantwoordelikheidsin?

Voordat 'n kind weet wat van hom verwag word en wat sy verantwoordelikhede is, het hy nodig om 'n waardestelsel te hê, om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is, wat van hom verwag word en wat nie. Daar is slegs een plek waar 'n kind dit leer en dit is by sy ouers. Wanneer 'n ouer van enigiemand anders verwag om sy kind verantwoordelikheid te leer, is die kind blootgestel daaraan om die verkeerde waardestelsel sy eie te maak of selfs geen verantwoordelikheid aan te leer nie.

Verantwoordelikheid en respek gaan hand-aan-hand. 'n Kind se verantwoordelike gedrag beteken ook om respekvol op te tree (teenoor God, sy ouers, medemens en homself), om sy humeur te beteuel en aanvaarbare gedrag te openbaar.

Kinders leer verantwoordelikheid as hulle van kleins af take kry om te verrig soos om hulle eie bed op te maak en troeteldiere te versorg. Jong mense is toenemend bewus van hul regte maar is minder opgewonde oor die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.

Hulle het byvoorbeeld die reg op onderwys, maar daarmee saam kom die verantwoordelikheid om op te let in die klas, hard te werk, onderwysers en medeleerders met respek te hanteer, die skool se gedragskode te gehoorsaam, en die skool se geboue en terrein skoon en netjies te hou.

Kom ons gaan kyk opnuut na die woordjie liefde en leer ons kinders om dit elke dag uit te leef – vanuit die hart van die huis.

## K U L T U U R

### REDENAARS

Redenaarsuitdunne vind 21 en 28 Februarie 2025 plaas.
Baie sterkte aan elke leerder met hul voorbereiding!

**REDENAARSGROEP**
Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaarsgroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**REDENAARSGEDAGTE VIR DIE WEEK**
*"When life gives you a hundred reasons to break down and cry, show life that you have a thousand reasons to smile and laugh."* **-** Stay strong.

## PERSONEELVERJAARSDAE

**F E B R U A R I E**

| | |
|---|---|
| 25 | Tasha Venter (o/w) |
| 29 | Diana Louw (naskool) |

**M A A R T**

| | |
|---|---|
| 2 | Charlotte Uys (naskool) |
| 3 | Pride Makhuvwela (pre-prim en naskool) |
| 7 | Jenay Jordaan (pre-prim ass) |
| 9 | Mienkie Skosana (pre-prim alg ass) |
| 13 | Christa Enslin (naskool) |
| 14 | Kaylin de Jongh (pre-prim ass) |
| 15 | Bernadette Roodt (o/w) |
| 23 | Andries Skosana (alg. ass) |
| 25 | Abigail Küsel (o/w ass) |
| 26 | Marina Steyn (o/w) |
| 28 | Charmara Steyn (o/w) |

## GHOLF- EN ROLBALDAG




**Gholfdag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472338202550

**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header




**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472090371552

**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9blIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

## AKADEMIE

**KUNS**
Flukse graad 5 dogter, Lisa-Mari, bied aan om die kunsklas se verfbakkies in pouse mooi skoon te was.

Dankie Lisa-Mari dat jy Lynnies se waardes uitleef!



**WAARDES**
Liefdevol
Nederig
Geloof
Gehoorsaam
Vriendelik
Eerlik
Trots
Diensbaar
Goedhartig
Dankbaar
Respek

*Om beter te kan sien … my kind!*
Lekker pret so tussen-deur die akademie.





## SPORT

### NETBAL

Die netbalseisoen vir 2025 het afgeskop en ons is opgewonde vir dit wat voorlê.

Die voorseisoen oefeninge het alreeds verlede week plaasgevind. Hierdie week het die verskeie ouderdomsgroepe proewe gehad. Die reën het ons nie gehinder om die talent op die baan raak te sien nie. Die dogters begin volgende week in oefengroepe oefen. Sien asseblief die d6 vir die oefentye. Nou begin die voorbereiding vir die eerste wedstryde wat voorlê.



### ATLETIEK

**Ons hardloop, spring en gooi . . . ja, ons mikpunt is nou na Distrik!**

Baie geluk aan die 26 atlete wat uitgestaan het by die Cluster Atletiekbyeenkoms. Hulle gaan die Pretoria-Oos span by die Distrikbyeenkoms op Vrydag, 28 Februarie verteenwoordig.



**<u>F o t o:</u>**
Voor: Lebo Pepenene, Lua Snyman, Neo Senekal, Matthew Atkins, Gavin Matthew, Ruan Pienaar, Melanje Maasdorp en Lynicke Pienaar.

Middel: Mia Labuschagne, Benjamin Ströhfeldt, Simion Wessels, Anro van der Walt, Anru Oelofsen, Eli Ruyter, Nienke van Wyngaard en Olivia Ebersohn.

Agter: Isabella Ebersohn, Milandri Schalekamp, Zané Smith, Lea Kruger, Luan Munnik, Jamy van Greunen en Mariza Jonker.

**<u>Afwesig tydens die foto:</u>**
Ethan Frederickson, Cullen Naudé en Lian Olivier.



## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**


## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag<br>Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**




TEKS EN REGIE
MARGIT MEYER-RÖDENBECK
OORSPRONKLIKE MUSIEK
COENRAAD RALL
CHOREOGRAAF
CARLIA GREYLING
Moontlik gemaak deur
SUID OOSTER FEES
WOORDE-DIEF
Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
DATUM: 12 April 2025 | 09:30 | R140
VENUE: AfriForum Teater
KAARTJIES: www.afriforumteater.co.za
nb
UITGEWERS PUBLISHERS


SCAN ME!
WATERKLOOF
TINA COWLEY LEESSENTRUM
VISIE:
By Tina Cowley poog ons om elke student tot sy volle potensiaal te help ontwikkel in lees met begrip en hom/haar op so 'n wyse toe te rus met die nodige selfvertroue.
MISSIE:
Elke student se leespotensiaal word ontwikkel deur die verbetering van:
• begripslees
• spoedlees
• geheuevaardighede
• leesvaardighede
• spelvaardighede
• studievaardighede
Verseker jou kind se optimale ontwikkeling en skryf in by ons leessentrum.
173 HELOMA STRAAT
WATERKLOOF
RENA: 0828267770